Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Sosiale Media Riglyne

Verwysingsnommer van hierdie dokument:	SKS 4/2016
Doel:	Om as ’n hulpmiddel vir deelname aan sosiale media te dien
Tipe dokument:	Riglyne
Toeganklikheid:	Openbaar
Implementeringsdatum:	Mei 2016
Hersieningsdatum/Hersieningsfrekwensie:	Voortdurend soos nodig
Vorige hersienings:	11 Julie 2018
Eienaar van hierdie gids:	STK (Sinodale Taakspan vir Kommunikasie)
Goedgekeur deur:	SKS (Sinodale Koördineringspan)
Goedkeuringsdatum:	Mei 2016

Sosiale Media Riglyne
NG Kerk in Suid-Afrika
Sinode van Wes-Kaapland

"To act or speak violently out of spite, chauvinism, or self-interest, to impoverish, exploit or deny basic rights to anybody, and to incite hatred by denigrating others – even our enemies – is a denial of our common humanity."

- Charter for Compassion

Inleiding en doel

Die Sinode van Wes-Kaapland beskou sosiale media as ’n belangrike komponent van die skep en versterking van verhoudinge met lidmate en die wêreld. Sosiale media bied die kans om in voeling met lidmate en gespreksgenote se leefwêreld te wees; dit skep die geleentheid vir luister en gesprek. Vir die kerk/gemeentes om relevant te wees, moet sy stem hoorbaar wees waar mense woon en werk en lewe. Sosiale media is ’n getuienis geleentheid, dit bied die kans om deel van die gesprek oor die kerk/geloof/godsdiens (wat buitendien reeds mét óf sonder die kerk voortgaan) te wees, eerstehands en tydig te reageer en persepsies aan te spreek.

Ons glo dit is in die beste belang van ons sinode, ons NG/VG Kerkfamilie (en die geloofsgemeenskap in die breëre sin) om deel te neem aan sosiale media ten einde die goeie nuus oor Jesus Christus ook op hierdie terrein, bv. deur Facebook, Twitter, blogs, aanlyn-gespreksgroepe en enige ander webwerf of internetplatform waar kommentaar geplaas kan word, te deel.

Die Sinode van Wes-Kaapland ondersteun vryheid van uitdrukking en die reg van assosiasie. Gebruikers moet hierdie regte egter op ’n verantwoordelike wyse uitoefen sodat die sinode, kollegas en andere met die sinode geassosieer, geensins benadeel word nie. Gebruikers van sosiale media moet in gedagte hou dat hulle as verteenwoordigers van die sinode verantwoordelikhede het en dat hulle optrede ’n opbouende of afbrekende uitwerking op die sinode se openbare beeld en reputasie kan hê.

Die volgende wenke en riglyne het ten doel om die sinode/gemeentes/predikante te voorsien van nuttige, praktiese raad. Hierdie riglyne dien as hulpmiddel vir positiewe deelname aan sosiale media. Deur hierdie riglyne geniet beide die Sinode van Wes-Kaapland en die individuele sosiale media-gebruiker terselfdertyd beskerming. Let egter daarop dat hierdie dokument nie hanteer moet word as reëls wat afdwingbaar is of noodwendig in wetlike prosesse as vrywaring aangewend kan word nie. Dit dien as aanvulling tot die sinode se wens dat sy werknemers sosiale media op ’n morele en etiese wyse sal gebruik.

Hierdie riglyne is aanvullend by die sinode se internet- en e-posbeleid, sowel as die standaard gedragskode vir personeellede verbonde aan die Sinode van Wes-Kaapland. Die dokument word gereeld bygewerk soos nodig.

Kontakpersoon: Marieta Visagie
Kommunikasiebestuurder, NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland)
kommunikasie@kaapkerk.co.za
Mei 2016

I. Wenke

1. **Beliggaam die sinode/gemeente se waardes**

- ✓ Baseer jou deelname aan sosiale media op respek en kommunikeer met goeie smaak.
- ✓ Wees sensitief rakende skakels na eksterne inhoud. As jy jou volgelinge/lesers soontoe verwys, mag dit beskou word as dat jy/die kerk/gemeente daardie inhoud én bron onderskryf en ondersteun.
- ✓ Moenie ander verkleineer of verneder nie.
- ✓ Moenie ander se integriteit afkraak nie.

2. **Wees openlik**

- ✓ Sê wie jy is en vir wie jy werk/wat jou rol is.
- ✓ Dit is moeilik om ’n duidelike onderskeid te tref en te handhaaf tussen jouself en jou professionele lewe (beroep). As jy as individu uitlatings oor die kerk/geloof/godsdiens maak, maak dit duidelik dat jy, hoewel in diens van/verbind aan die kerk/gemeente, die volgende opinie en standpunt as individu inneem en dat dit nie noodwendig dié van die kerk/gemeente is nie.
- ✓ Moenie bydra tot moontlike verwarring deur as individu die kerk/gemeente se logo/seël/slagspreuk by jou opmerkings/profiel te plaas of vertoon nie.

3. **Beskerm konfidensiële inligting en verhoudings**

- ✓ Geen inligting op sosiale media is privaat nie; dit kan (en sal waarskynlik) deur ander gedeel en versprei word. Daarom:
- ✓ Vermy dit om andere (kollegas/lidmate/kliënte/kennisse en andere) te identifiseer of bespreek sonder hulle toestemming.
- ✓ Kry sover moontlik toestemming vir die plaas van inligting met kopiereg.
- ✓ Vermy te alle tye om konfidensiële inligting te bespreek, hetsy dit in jou persoonlike hoedanigheid of andersins.

4. **Praat die waarheid**

- ✓ Maak seker van jou feite vóór jy dit op skrif stel en via sosiale media die wêreld instuur.
- ✓ Maak seker verwysings en bronne is resent en word gereeld bygewerk.

5. **Bly kalm**

- ✓ Gee jou mening duidelik en logies.
- ✓ Stel foute reg waar nodig.
- ✓ Ignoreer uitlokkende kommentaar, eerder as om te reageer daarop en só meer aandag daarop te vestig.
- ✓ Tree op ’n Christelike manier met ander in gesprek sodat dit tot opbou van die kerk van Jesus Christus sal wees.

6. **Bly relevant**

- ✓ As jy deel van ’n sinvolle gesprek wil wees en bly, moet jy tyd maak om gereeld jou inhoud op sosiale media by te werk, vrae te beantwoord en nuwe inligting te plaas.

7. Wees versigtig met hoeveel **persoonlike inligting** jy deel.

8. **Moenie jou laat flous** nie!

- ✓ Bly weg van onbekende/verdagte skakels waarop jy moet klik.
- ✓ ’n Aanbod wat te goed is om te glo is net dit: te goed om te glo.

9. **Administreer verstellings/funksies/opsies** op jou sosiale media of rekening effektief, sodat enigeen nie sommer enige inligting daar kan plaas nie.

10. Wees bedag op **sekuriteitswaarskuwings** en boodskappe wat jou via anti-virus programmatuur bereik.

- ✓ Moenie op bg. boodskappe reageer of op skakels klik nie.
- ✓ Sorg vir effektiewe sekuriteitsprogrammatuur.
- ✓ Sorg dat die ampsdraer/predikant (saam met die kommunikasiebeampte of ander gevolmagtigde) te alle tye toegang tot die administrasie van die sinode/gemeente se sosiale media het én dat hy/sy van tyd tot tyd aanteken. So verhoog jy die legitimiteit van die “stem” van die sosiale media.

II. Riglyne

1. Christelike waardes

1.1 Die Seisoen van Menswaardigheid se waardes, nl. respek, luister, liefhê en omarm, lei ons gesprekke en deelname aan sosiale media.

1.2 Toets woorde, menings en gesindhede aan die Woord van God.

1.3 Streef daarna dat die vrugte van die Gees sigbaar word in die Sinode van Wes-Kaapland se sosiale media-teenwoordigheid en bydraes.

2. Versorging en akkuraatheid

2.1 Probeer so ver as moontlik let op taalgebruik, algemene taalversorging en spelling ter wille van duidelike kommunikasie.
2.2 Geen kru of godslasterende taal of stellings word toegelaat nie.
2.3 Maak seker van feite voordat inligting gepubliseer, gedeel of aangestuur word, selfs al lyk die bron betroubaar.
2.4 Moenie bewerings, hoorsê-inligting, insinuasies of persoonlike interpretasies as die waarheid aanbied nie.
2.5 Vermy stereotipering en veralgemening.
2.6 Moenie beweer of impliseer dat jy namens die sinode/gemeente praat nie, tensy jy behoorlik daartoe gemagtig is.

3. Aanhalings

3.1 Gebruik so ver moontlik jou eie woorde.
3.2 Waar aanhalings noodsaaklik is, beperk dit tot 100 woorde. Die bron word in so ’n geval so volledig as moontlik – en verkieslik met ’n skakel (URL) – aangedui.

4. Gesonde debat

4.1 Elke mens is geregtig op respek en menswaardigheid.
4.2 Verskil van ander sonder enige vorm van persoonlike belediging, bespotting of verdagmakery.
4.3 Kritiseer standpunte en nie mense nie.
4.4 Vermy kommentaar oor ander se geloofs- of persoonlike lewe.
4.5 Vermy enige vorm van dreigemente en haatspraak.
4.6 Reageer rasioneel en nie emosioneel nie.
4.7 Gebruikers van sosiale media moet steeds aan die landswette voldoen, bv. wette rakende kopiereg, privaatheid, laster, diskriminasie en teistering.

5. Vertroulikheid

5.1 Moet NOOIT nie-openbare inligting van die sinode/gemeente bekendmaak nie (insluitende vertroulike inligting), en wees bewus daarvan dat dit konflik kan veroorsaak om aanlyn in die openbaar standpunte in te neem wat strydig is met die sinode/gemeente se belange.
5.2 Moenie enige inligting deel wat nog nie amptelik in die openbaar aangekondig is nie.
5.3 Moenie jou aanteken-besonderhede (“log-in”) of wagwoorde (“passwords”) met enigiemand deel nie.
5.4 Jou kollegas se persoonlike inligting word nie via sosiale media (en sonder hulle toestemming) bekendgemaak nie.
5.5 Weerhou jou so ver moontlik van enige kommentaar op regskwessies, regsgedinge, of enige partye waarmee die sinode/gemeente ’n regsgeding voer.

6. Visuele materiaal

6.1 Werk met groot sorg en sensitiwiteit voordat identifiseerbare beeldmateriaal of video's geplaas word; kry verkieslik (waar van toepassing en waar moontlik) vooraf toestemming om dit te doen.
6.2 Werk veral sensitief en omsigtig met betrekking tot bepaalde kwesbare groepe soos minderjariges, pasiënte en bejaardes.
6.3 Wetgewing rakende die beskerming van minderjariges se identiteit en veiligheid moet veral besondere oorweging geniet waar foto's en ander inligting op sosiale media gedeel word.
6.4 Waar minderjariges se foto's met die wettige voog/ouer se toestemming gedeel word, mag die minderjarige nie geïdentifiseer word nie. Enige sodanige visuele materiaal mag nie aan 'n derde party verskaf word of vir geldelike gewin aangewend word nie.
6.5 Die gebruik van "geo-tagging" (wat die koördinate van 'n persoon se ligging aandui) as deel van veral minderjariges se foto's moet vermy word weens die inherente gevaar van opspoorbaarheid wat dit mag inhou. Gebruikers se gesonde oordeel wanneer dit kom by die aanduiding van die ligging van 'n geleentheid, is hier van belang.

7. Moderering van bydraes

Dit is onmoontlik om individuele kommentaar op sosiale media voortdurend te modereer en kontroleer. Individue wat dus nie by die gespreksriglyne hou nie, sal van die Sinode van die Wes-Kaapland se sosiale media-platforms verban word om dit moontlik te maak vir ander om binne die waardes van die kerk voort te gaan met gesprek. Ons aanvaar dat gesprekke nie tot 'n enkele platform beperk kan word nie, en beveel aan dat gesprekke wat buite hierdie riglyne val, elders gevoer word.

Die sinode verwyder verder kommentaar en gespreksgenote volgens die volgende riglyne:

• Insinuasies dat predikante, individueel of as 'n groep, nie aan die vereistes voldoen om predikante te wees nie. Dit sluit beskuldigings van dwaalleer, gebrek aan geloof en onbekwaamheid om hulle werk te doen in. Daar is amptelike kanale waardeur klagtes gelê kan word; ons eie platforms mag nie gebruik word om hierdie gerugte te versprei nie.

• Gespreksgenote wat die bladsy oorneem om 'n eie agenda af te dwing, herhaaldelike aandrang dat sekere onderwerpe bespreek word of kommentaar te gebruik om skakels na ander webwerwe te bemark.

• Kommentaar wat ander beledig – ook wanneer dit beskryf word as 'n vorm van godsdienstige vermaning – of lasterlike opmerkings teenoor ander, wat beide onwaarhede asook opmerkings wat daarop gemik is om ander skade te berokken, insluit.

• Kommentaar wat ander se geloof en Christenskap bevraagteken op grond van verskillende interpretasies van sekere aspekte van die Christelike tradisie.

• Kommentaar wat na die oordeel van die administrateur nie bydra tot respekvolle dialoog nie.

8. Amptelike kommentaar

8.1 Die sosiale media van die Sinode van Wes-Kaapland (Facebook, Twitter, You Tube en Instagram) dien as ’n gespreksruimte om inligting oor te dra en na menings te luister. Dit dien egter nie as die amptelike mondstuk van die sinode nie.
8.2 Mediaverklarings moet eers deur die aangewese persone goedgekeur word – moet nooit iets namens die sinode sê as dit nie goedgekeur is nie.
8.3 Kontak die skriba van die moderatuur vir die hantering van die sinode se amptelike reaksie: skriba@kaapkerk.co.za of skakel die kantoor by 021 957 7155.

9. Sosiale media tydens kerklike vergaderings

9.1 Die gebruik van sosiale media tydens vergaderings moenie die primêre fokus wees of raak nie.
9.2 Die gebruik van sosiale media tydens vergaderings moet sensitief hanteer word sodat almal teenwoordig steeds aandagtig kan luister en ten volle “teenwoordig” op die vergadering kan wees – sonder dat die gebruik van sosiale media steurend is of die aandag aflei.

10. Skadeloosstelling

Gebruikers van die Sinode van Wes-Kaapland se sosiale media moet daarop let dat die sinode, sy werknemers, ampsdraers en verteenwoordigers, nie aanspreeklik sal wees vir enige verlies, skade of uitgawe van watter aard ook al, wat direk of indirek veroorsaak word deur die gebruik van die inligting op die verskillende sosiale media-platforms van die sinode nie.
Die sinode kan nie die akkuraatheid van enige kontakbesonderhede of enige skakel op enige deel van ons sosiale media-platforms waarborg nie, en aanvaar geen verantwoordelikheid hoegenaamd vir die dienste of advies wat gelewer mag word deur derde partye wat op die sinode se sosiale media geïdentifiseer of aanbeveel word nie.

11. ’n Laaste woord vanaf die (regs)kenners

Hierdie gedragskode probeer geensins enige uitsprake maak oor die regsaspekte verbonde aan die deel van inligting op sosiale media nie. Regskenners raai sosiale media-gebruikers aan om hulle gesonde oordeel en algemeen aanvaarde norme van etiese gedrag te gebruik wanneer dit kom by die deel van inligting of die lewer van kommentaar daarop.

In hulle boek *Don’t film yourself having sex and other legal advice for the age of social media,* beklemtoon Emma Sadleir en Tamsyn De Beer sommige van die inherente probleme met kommunikasie via sosiale media:
“Social media lacks context; social media lacks tone; On social media you have no control over your audience.

"... the liberating potential of technology often reveals an unfortunate fact of human nature: when given the opportunity to hide behind a veneer of anonymity, and removed from the consequences of our actions, we somehow find license within ourselves to behave in a manner entirely contrary to what we know about acceptable social behaviour.

"... there is no separate set of 'social media laws' or 'cyber laws' that apply exclusively to the online world. The same laws that apply to your conduct in the real world apply in your conduct (and content) in cyberspace.

"...the reputational consequences of getting it wrong on social media have the potential to be so much more serious and life changing than any legal or disciplinary consequences could ever be. And that is because in the digital age it doesn't take five minutes to ruin your reputation, it takes five seconds. Your reputation can be ruined at the push of a button. And you'll never get it back.

“Much as a newspaper takes responsibility for the content of its pages, the creator or administrator of a Facebook page has a obligation to take down unlawful postings that appear on that page. He is answerable for anything that remains. The administrator of a Facebook page (or any other online platform) can be held liable for content appearing on that page. It doesn’t matter if it is the business page of a multinational company or the private page of a little old lady.”

- *Don't film yourself having sex and other legal advice for the age of social media* by Emma Sadleir and Tamsyn de Beer, Penguin 2014